

Brambles

Beleid oor korporatiewe sosiale verantwoordelikheid

Brambles Limited

Hersien: 1 Januarie 2020

Weergawe 2.0

BELEID OOR KORPORATIEWE SOSIALE VERANTWOORDELIKHEID

Inleiding

Brambles is 'n voorste internasionale verskaffer van ondersteuningsdienste met werksaamhede wêreldwyd.

Hierdie beleid oor korporatiewe sosiale verantwoordelikheid ("KSV") is in Junie 2003 deur die direksie aanvaar en is aan al ons werknemers gekommunikeer. Ons is daartoe verbind om dit deurlopend te implementeer.

Hierdie beleid is 'n opsomming van meer gedetailleerde beleide oor hierdie en ander areas waarna in Brambles se gedragskode verwys word. Die gedragskode verskaf 'n etiese en geregtelike raamwerk vir alle werknemers oor die uitvoering van Brambles se sakebedrywighede. Dit gaan oor ons verhouding met ons klante, werknemers, aandeelhouers, verskaffers en die gemeenskap. 'n Afskrif word op ons webwerf gepubliseer (www.brambles.com).

Brambles is daartoe verbind om openlik oor sy reaksie op KSV-kwessies verslag te doen en te kommunikeer.

Hierdie beleid sal soos nodig van tyd tot tyd nagegaan en bygewerk word om ontwikkelings in ons ondernemings en volgens beste praktyk te weerspieël.

Sakeïntegriteit

Dit word van alle Brambles-werknemers verwag om sake op so 'n manier te doen dat dit die groep se reputasie verbeter. Die volgende is oorheersende beginsels wat ons gedrag en sakebedrywighede moet reël:

- Alle sake moet in ooreenstemming met die wetgewing en regulasies uitgevoer word in die land waar die onderneming geleë is.
- Ons ding regverdig mee in die markte waarin ons werksaam is.
- Korrupte praktyke is onaanvaarbaar. Geen omkoop-, onder-die-tafelgeld of soortgelyke betalings sal aan enige party gemaak word of daarvan aanvaar word nie.
- Werknemers mag nie betrokke wees by optrede wat 'n botsing tussen hul persoonlike belange en die belange van Brambles inhou of so mag lyk nie.
- Werknemers wat na vore kom in ooreenstemming met die Praat uit-beleid wanneer hulle eerlike bedenkinge het oor misstappe oral in die organisasie sal ernstig opgeneem word en nie geviktimizeer word nie. Hulle kan hul kwellings by hul lynbestuurder of enige lid van die regs- of mensehulpbronspan, of deur die Praat uit-hulplyn aanmeld. Hul kwellings sal behoorlik ondersoek word en enige nodige stappe sal gedoen word.
- Brambles maak nie politieke donasies nie.

Omgewing

Ons ag die natuurlike omgewing van waarde en is ferm tot gesonde omgewingspraktyke in ons werksaamhede verbind. Ons ondernemings is verplig om aan die toepaslike omgewingswetgewing en -regulasies te voldoen en om die volgende beginsels te aanvaar:

- Volg Brambles se handves oor geen skade nie, en verbind en dra by tot gesonde omgewingspraktyke in ons daaglikse werksaamhede.

- Verbeter die doeltreffendheid van ons aanwending van rou materiale en energie.
- Minimeer emissies en afval.
- Reageer op kwellings uit die gemeenskap met integriteit, eerlikheid en respek.
- Soek verskaffers uit wat 'n proaktiewe benadering tot die bestuur van omgewingsrisiko's het en wat natuurlike hulpbronne verantwoordelik bestuur.

Mense

Die ondernemingsgees van ons werknemers is een van ons beste bates. Werknemers moet regverdig behandel word en vir hul prestasies beloon word. Ons indiensnemingsbeleide verbind ons tot die volgende:

- Die verskaffing van 'n veilige werksomgewing deur beste praktyk in die bestuur van gesondheid en veiligheid in al ons ondernemings.
- Om 'n werkgewer van gelyke geleenthede te wees, verbind tot die ontwikkeling van 'n diverse arbeidsmag waar elkeen regverdig behandel word, ongeag ras, geslag, kleur, nasionaliteit of nasionale oorsprong, klas, geloofsoortuiging, ouderdom, gestremdheid, huwelikstatus, seksuele oriëntasie of geslagsidentifikasie, politieke opinie of enige ander status wat deur toepaslike wetgewing beskerm word.
- Die skepping van 'n omgewing waarin almal aangemoedig word om hul beste te lewer en hul volle potensiaal te bereik deur die verskaffing van leer- en ontwikkelingsgeleenthede.
- Die versekering dat werknemers enige probleem kan bespreek wat verband hou met hul werk, vol vertroue dat die probleem regverdig, onpartydig en vertroulik gehanteer sal word.

Ons respekteer die individu se reg tot vryheid van assosiasie. Ons betrek ons werknemers deur sowel kollektiewe as individuele ooreenkomste in ooreenstemming met plaaslike wetgewing, gebruik en praktyk.

Gemeenskap

- Ons beoog om 'n positiewe bydrae tot die gemeenskappe te maak waarin ons werksaam is en om verantwoordelike bure te wees.
- Ons ondernemings sal hul prioriteite vir belegging in die gemeenskap bepaal om by die behoeftes van hul plaaslike gemeenskap in te pas.
- Ons CommunityReach-program moedig ons werknemers aan om aktief in die gemeenskap te wees, maak voorsiening vir redelike versoeke vir vrywillige tyd en verskaf finansiële ondersteuning vir gemeenskapsprojekte.

Menseregte

Ons ondersteun en voldoen aan die beginsels wat vervat is in die universele deklarasie oor menseregte (Universal Declaration on Human Rights), die internasionale arbeidsorganisasie se deklarasie oor fundamentele beginsels en regte by die werk (International Labour Organization's Declaration on Fundamental Principles and Rights at Work) en die Verenigde Nasies se gidsbeginsels oor sake en menseregte (United Nations Guiding Principles on Business and Human Rights). Ons sal spesifiek nie kinderarbeid of enige vorm van verpligte arbeid, waaronder tronkarbeid, kontrakarbeid, gebonde arbeid, militêre arbeid, slawearbeid of enige vorm van mensehandel in ons eie werksaamhede of dié van ons verskaffers duld nie.

Verskaffers

Ons is daartoe verbind om 'n verantwoordelike en waardevolle vennoot in die voorsieningsketting te

wees, om voort te gaan om 'n volhoubare onderneming te bou wat sy klante, werknemers en aandeelhouers bedien asook die gemeenskappe waarin hulle woon.

'n Sterk en dinamiese verskaffersbasis is deurslaggewend tot ons langtermynsukses. Ons maak staat op die kundigheid en vaardigheid van verskaffers om aan klante se veranderende behoeftes te voldoen, en ons werk net met verskaffers wat aan alle toepaslike wetgewing voldoen, waaronder alle toepaslike wetgewing oor arbeid, indiensneming, menseregte, lone en werksure, die omgewing, en gesondheid en veiligheid.

Ons is daartoe verbind om met verskaffers saam te werk om meer doeltreffende, veiliger en volhoubare voorsieningskettings te ontwikkel deur te voldoen aan die beginsels en waardes wat in die gedragskode en handves oor geen skade nie uiteengesit word.

Verantwoordelikheid vir die sukses van hierdie beleid

Brambles se raad het die oorhoofse verantwoordelikheid vir hierdie KSV-beleid. Die hoof van die regsafdeling het die daaglikse operasionele verantwoordelikheid vir hierdie beleid en moet verseker dat alle werknemers gereelde en gepaste opleiding ontvang.

Die hoof van die regsafdeling, in samewerking met die raad, sal minstens een maal per jaar hierdie beleid uit 'n regs- en operasionele oogpunt nagaan. Hierdie beleid vorm nie deel van 'n party of enige werknemer se kontrak of skeep andersins een nie, en dit mag van tyd tot tyd gewysig word.

Werknemers word uitgenooi om kommentaar op hierdie beleid te lewer en maniere voor te stel waarop dit verbeter kan word. Kommentaar of voorstelle moet aan die hoof van die regsafdeling gerig word.

Alle werknemers is verantwoordelik vir die sukses van hierdie beleid. Brambles skeep werkplekke waarin oop en eerlike kommunikasie tussen alle werknemers van waarde geag en gerespekteer word. As u enige vrae oor hierdie KSV-beleid het, of as u 'n potensiële oortreding daarvan wil aanmeld, praat asseblief met u lynbestuurder of enige lid van die regs- of mensehulpbronspan, of bel die Praat uit-hulplyn. In ooreenstemming met Brambles se Praat uit-beleid sal geen vergelding- of weerwraakstappe teen enige werknemer gedoen word as kwellings ingevolge hierdie beleid geopper word nie. Brambles is daartoe verbind om kwellings van werknemers te ondersoek, te hanteer en daarop te reageer, en om gepaste korrektiewe stappe in reaksie op enige oortreding te doen.